

Tweede Sensus: Openbaring oor die Here (OP60)

Num 26:1-4, 26:51-27:11

3 Oktober 2021

Vandag begin ons om te kyk na die laaste groot deel van die boek Numeri. Julle sal onthou dat die boek begin het met die eerste sensusopname wat Moses en Aäron in opdrag van die Here onder die volk moes doen destyds toe hulle by die berg Sinai was. Wel, hier in Num 26 is die volk op die Moabsvlakte, en weer gee die Here die opdrag aan Moses dat hy en Eleasar, wat nou die hoëpriester is nadat Aäron gesterf het, 'n sensusopname moet neem. Die eerste sensusopname was 'n opname van die eerste geslag wat uit Egipte getrek het, die tweede sensusopname word nou ongeveer 38 jaar later geneem van die tweede geslag. Die eerste geslag het intussen uitgesterf omdat hulle nie by Kades-Barnea die beloofde land wou inneem nie. Ons het destyds gesien dat na die eerste sensusopname het Numeri gefokus op die voorbereiding van die volk by Sinai vir die trek na en inname van die beloofde land. Dit het gestrek tot by Num 10:10. Netso sal ons nou sien dat die res van die boek Numeri fokus op die voorbereiding van die volk hier op die Moabsvlakte om die beloofde land te gaan inneem.

Ek het 'n paar maande gelede in die tweede preek oor Numeri reeds verwys na hierdie tweede sensusopname, en was eintlik nie van plan om weer hierby stil te staan nie. Maar toe ek die afgelope week weer hierdeur lees en kyk na wat kommentatore hieroor skryf, het ek tot die slotsom gekom dat dit sinvol sal wees om in meer detail hierna te kyk. Ek wil dus vandag hierby stilstaan, saam met die gedeelte in Num 27 wat handel oor die dogters van Selofgad, en dan juis met die fokus om te kyk na hoe die Here Homself hier aan ons openbaar.

Die tweede sensusopname (Num 26:1-65)

Num 26:1 begin met die woorde "Na die ramp(plaag)". Dit is natuurlik 'n verwysing na die plaag waarvan ons in Num 25 gelees het. Die volk het in onsedelikheid en afgodery verval, en die Here het 'n plaag onder die volk ingestuur. Hierdie plaag het die lewens van 24 000 mense geëis, en het gestop nadat Pinehas vir Simri en Kosbi doodgesteek het. In die laaste vers van Num 26 lees ons dat nie een van die eerste geslag, natuurlik met die uitsondering van Josua en Kaleb, meer gelewe het nie. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat hierdie tweede sensusopname, is 'n opname van die tweede geslag. Dit blyk dus dat die laaste persone van die eerste geslag in die plaag van Num 25 gesterf het. Net Josua en Kaleb se name verskyn in altwee sensusopnames. Ja, Moses het ook nog gelewe, maar in Num 27:13 herinner die Here Moses daaraan dat hy op die punt staan om ook te sterf.

As ons na die doel van die tweede sensusopname kyk, sien ons in vers 2 dat dit dieselfde was as met die eerste sensusopname, naamlik dat dit almal bo 20 jaar moes insluit wat geskik was vir militêre diens (vgl met Num 1:3). Maar ons lees ook dat hierdie tweede sensusopname ook 'n tweede doel gehad het. Lees Num 26:52-56. Die sensusresultate moes gebruik word as 'n basis waarvolgens die land verdeel moes word: As 'n stam groot was, moes hulle dienooreenkomstig 'n groter gedeelte van die land ontvang, en as 'n stam klein was, 'n kleiner gedeelte van die land. Die getalle het dus die groter van die stuk land bepaal wat 'n stam sou ontvang, maar die fisiese ligging van daardie stuk land is egter deur loting bepaal. Altwee hierdie doelwitte met die sensus was dus ter voorbereiding met die oog op die inname van die land: enersyds het dit hulle voorberei vir die militêre stryd, en andersyds het dit hulle voorberei op die verdeling van die land wat daarna sou volg. Hierdie fokus op die verdeling van die land skep alreeds die verwagting dat die land hierdie keer wel ingeneem gaan word.

Die resultate van die sensus word vir ons beskryf in verse 5-51. As jy die beskrywing van die resultate vergelyk met die van die eerste sensusopname, is daar 'n paar opvallende aspekte:

- In die tweede sensus word detail gegee oor elke stam, en ook oor die verskillende families in die stam. Met die eerste sensus is slegs die resultate per stam gerapporteer.
- In die tweede sensus is daar op twee plekke spesifieke detail wat genoem word: In v9-11, as deel van die resultate van Ruben, word spesifiek verwys na die opstand van Korag, Datan en Abiram. In vers 32, as deel van die resultate van Manasse, word spesifiek genoem dat Selofgad nie seuns gehad het nie.

Kom ons kyk na die resultate van die sensus. As jy die resultate per stam vergelyk, sien jy dat party stamme gegroei het en ander gekrimp het oor die loop van die 38 jaar tussen die twee sensusopnames. Een van die grootste verskille tussen die twee sensusse is dat Simeon gekrimp het van 59 300 in die eerste sensusopname (Num 1:23) tot slegs 22 000 in die tweede sensus (Num 26:14). Onthou, Simri was juis afkomstig uit Simeon (Num 25:14). Onthou ook dat 24 000 mense dood is in daardie plaag. Daar word dikwels geredeneer dat dit die rede vir die groot afname is, m.a.w. dat die meeste van die 24 000 persone wat in die ramp omgekom het, uit die stam Simeon was.

Die mees verstommende resultaat is egter as jy die groottotale van die twee sensusse vergelyk: Met die eerste sensus was daar 603 550 mans bo 20 (Num 1:46), en nou, 38 jaar later, is daar 601 730 (Num 26:51) – 'n afname van 1 820, oftewel 0,3%. Vir alle praktiese doeleindes is dit dieselfde. Wat dit verstommend maak, is die volgende:

- Gedurende die 400 jaar wat Israel in Egipte was het hulle gegroei van 70 persone tot meer as 600 000 mans bo 20 jaar. Lees Eks 1:5-7. Oor 'n periode van 400 jaar het die Here die volk dramaties laat vermeerder, en nou, oor 'n periode van 38 jaar het die Here die groei doodeenvoudig gestop, daar was selfs 'n geringe daling in getalle.
- Onthou verder wat het gebeur in die 38 jaar sedert Sinai tot hier op die Moabsvlakte: By Tabera het die Here vuur in die kamp gestuur (Num 11:1-4), by Kibrot-Taäwa het baie gesterf met die kwartels nog tussen hulle tande (Num 11:5-34), by Kades-Barnea het die Here 'n plaag onder die volk ingestuur, en is die volk verslaan deur die Amalekiete en Kanaäniete (Num 14), met die opstand van Korag, Datan en Abiram is hulle en die 250 leiers dood, en in die opstand wat daarna gevolg het is 14 700 lede van die volk dood deur 'n plaag wat die Here gestuur het (Num 16), met die koperslanginsident het baie gesterf na hulle deur die slang gepik is (Num 21:4-9), en a.g.v. hulle onsedelikheid en afgodery het 24 000 lede gesterf kort voor die tweede sensus hier op die Moabsvlakte (Num 25). 'n Mens sou sekerlik kon verwag dat die groei onder die volk negatief beïnvloed sou word met soveel insidente waar daar groot getalle gesterf het, maar die feit dat die volk 38 jaar later basies dieselfde grootte was as 38 jaar vantevore, is verstommend.

Ons sien iets soortgelyks met die Leviete. Soos met die eerste sensus, is die Leviete van 'n maand en ouer apart getel. Destyds was die rede waarom hulle apart getel was, die feit dat hulle tot hulp vir die priesters was in die tabernakeldiens. In Num 26:62 lees ons hulle is met die tweede sensus ook apart getel, omrede hulle nie saam met die res van die volk 'n deel van die land sou erf nie. Met die eerste sensus was daar 22 000 Leviete (Num 3:39), en met die tweede sensus 23 000 (Num 26:62).

Kom ons besin nou oor wat ons hieruit leer – spesifiek wat ons van die Here leer:

- Natuurlik sien ons die getrouheid van die Here: Hy het eeue gelede met Abraham 'n verbond gesluit en 'n groot nageslag beloof, die beloofde land beloof en dat Hy in hulle midde sal

wees. Alhoewel die groot volk en teenwoordigheid van die Here reeds by Sinai 'n realiteit was, is dit steeds 'n realiteit op die Moabsvlakte – die volk is steeds 'n groot volk en die Here is steeds in hulle midde, ten spyte van hulle opstande en versette teen die Here. Hy het hulle vir 38 jaar getrou gedra deur die woestyn. Boonop is daar met die sensus 'n hernude fokus op die land, wat daarop dui dat daardie belofte aan Abraham steeds staan, en ons weet dat die vervulling daarvan baie naby was. Die Here is dus steeds getrou aan Sy verbond. Maar daar is nog 'n element aan die Here se getrouheid: Hy het by Kades-Barnea beloof dat nie een van die eerste geslag die beloofde land sal ingaan nie, behalwe Josua en Kaleb. Netsoos wat die Here getrou is aan die positiewe beloftes in Sy verbond, is Hy ook getrou aan Sy oordeelaankondigings. Dit is voorwaar soos wat Bileam gesê het: Hy is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, of van gedagte verander nie! Petrus beskryf ook hierdie twee kante in 1 Pet 2:6-8: Vir die wat glo, is Jesus die hoeksteen, maar vir die res is Hy 'n struikelblok. Vir die eerste geslag was die Here getrou in Sy oordeel, en vir die tweede geslag getrou aan Sy verbondsbeloftes – en altwee realiseer gelyktydig in parallel.

- Maar ons sien ook die grootheid van die Here. Dink oor die volgende: Kort voor die tweede sensus, alreeds in die 40ste jaar na die uittog, sterf 24 000 lede van die volk deur die plaag wat die Here stuur. Kort daarna, ook in die 40ste jaar, hoogstens maande later, hou hulle 'n sensus – en die uitkoms is dieselfde as 38 jaar gelede. Onthou, dit is die mans bo 20 jaar wat getel was. Die Here moes ten minste 20 jaar gelede al seker gemaak het daar is genoeg mense gebore om voorsiening te maak vir die 24 000 wat kort voor die sensus sou sterf. Die 24 000 wat sterf in die plaag is lankal ingereken in die plan van die Here. En dan praat ons nie eers oor al die ander opstande nie. Ons het gespekuleer die rede hoekom Simeon se getalle so skerp gedaal het, was omrede Simri uit Simeon was. Ek is oortuig, as ons genoeg inligting gehad het, sou ons presies kon uitwerk hoekom elke stam se getalle op of afgegaan het. Die opstand van mense betrap God nie onverhoeds nie. Hy weet presies wat gaan gebeur. Hy tree pro-aktief op. Trouens Hy beplan en gebruik dit: Dink oor die volgende: Op die Moabsvlakte is die volk jonger (almal is jonger as 60) en meer vertrouwd met die wette van die Here (38 jaar blootstelling versus enkele maande by Sinai). Hierdie volk op die Moabsvlakte is meer gereed om die beloofde land in te neem as by Sinai. Dit spreek boekdele oor die Here se soewereiniteit, wysheid, krag, versorging – die feit dat Hy werklik God en Here is!

Josua en Kaleb (Num 26:65)

In sy kommentaar verwys James Philip na 'n aanhaling van George Philip oor Josua en Kaleb. Ek dink dit is besonder insigvol en vertaal dit vrylik: “Wat het Josua en Kaleb gedoen gedurende daardie 40 jaar van swerf in die woestyn? Hulle het gewag dat die dag van die Here moet kom. Soos hulle volksgenote het hulle ook destyds op die grens van Kanaän gestaan en was bewus van die vyande en konflik wat hulle kon verwag. Maar hulle het met geloofsoë God se visie vir die land gesien, en selfs God se heerlike werk verder die toekoms in. Hulle harte het hierop gereageer en was bereid om voort te gaan en die land in te neem. Maar dit kon nie gebeur nie, as gevolg van die onwilligheid van die grootste deel van die volk. Omdat hulle deel was van die volk, moes hulle deelneem aan die teregwyding van die volk. Maar deur die loop van die jare sedertdien, het hulle nie toegegee aan die verleiding tot sonde nie, en was hulle nie bekommerd oor God se vermoë of gewilligheid om hulle tog in die land te bring nie (Onthou, dit was juis Kaleb se belydenis in Num 13:30). Dit moes vir hulle swaar gewees het om te sien hoe 'n hele geslag weggwyn aan wie so 'n hoopvolle toekoms beloof is. Maar hulle het getrou gebly aan God en hulle het steeds uitgesien na die dag om die land in te gaan soos God belowe het. As daar ooit 'n uitverkore oorblyfse was wat die gaping gevul het van die verlede tot die toekoms deur 'n periode gekenmerk deur nalatigheid, was dit Josua en Kaleb.”

Ek weet nie van julle nie, maar ek word soms moedeloos in die tyd waarin ons lewe. Ek word nie soseer moedeloos met die wêreld nie. Ek word moedeloos met die kerk. Ek word moedeloos oor die kerk voort sluimer terwyl die wêreld aan die brand is. As voorbeeld: Die Here het nou al vir meer as 'n jaar die wêreld letterlik tot stilstand geruk. En die kerk debateer oor of ons maskers moet dra of nie, of ons by inperkingsreëls moet hou of nie, of ons ons moet laat inent of nie. Ek dink dit is hoe Josua en Kaleb moes voel. Sien die kerk dan nie die nood en die geleentheid om die wêreld op te roep om terug te keer na die Here nie? Sien die kerk dan nie die geleentheid om die wêreld te wys op die visie van God en Sy heerlike werk nie? Mag die Here ons wat so voel bewaar, om soos Josua en Kaleb, selfs vir 38 jaar uit te hou, sonder om toe te gee aan sonde, of enigsens te begin twyfel aan God se vermoë en gewilligheid om wel Sy doel te bereik.

Die dogters van Selofgad (Num 27:1-11)

Soos ons vroeër gesien het is die fokus in die laaste deel van Numeri op voorbereiding om die land in te neem. Die het reeds na vore gekom in die redes vir die tweede sensusopname. In hierdie sensusopname het ons ook reeds gesien dat genoem is dat Selofgad, wat deel van die Manassestam was, nie seuns gehad het nie, slegs vyf dogters (Num 26:33). Die eerste gedeelte van Num 27 keer nou terug na hierdie saak.

In vers 2 lees ons dat die vyf dogters van Selofgad voor Moses, Eleasar, die leiers en die hele volk verskyn het by die ingang van die tent van ontmoeting. Duidelik het hierdie dogters 'n saak gehad wat vir hulle belangrik was as hulle dit op hierdie forum op die tafel plaas. Hulle saak is die volgende: Hulle pa, Selofgad, is reeds dood. Hy het al in die woestyn gesterf. Hy het nie gesterf omrede hy spesifiek aan 'n opstand deelgeneem het soos Korag se bende nie, maar, moet hulle erken, hy was sondig. Waarskynlik was hy deel van die eerste geslag wat onwillig was om die land in te neem. Hulle bekommernis is nou dat hulle nie broers het nie, hulle is net vyf susters. Dit blyk verder uit Num 36:3, waar daar verdere verwickelinge is oor hierdie dogters, dat hulle op hierdie stadium nog ongetroud was. Die probleem is nou die volgende: Hulle pa is in die woestyn dood, so sy naam is nie in die tweede sensus opgeneem nie. Hulle het nie broers, wie se name in die sensus opgeneem kon word nie. Boonop is hulle nie getroud nie, en dus het hulle nie mans wie se name in die sensus opgeneem kon word nie. Verder het dit nou tydens die sensus duidelik geword dat die land verdeel gaan word op grond van die getalle in die sensus. Maar hulle is geensins verteenwoordig in die sensus nie! As die saak nie aangespreek gaan word nie, gaan hulle pa se naam effektief nêrens verskyn nie, en hulle gaan nie grond ontvang nie. Hulle vra dus dat hulle grond tussen hulle pa se familie mag ontvang.

Moses het die saak voor die Here gebring. En in vers 7 lees ons dat die Here die dogters gelyk gee – let op hoe die OAV dit vertaal: “Die dogters van Selofgad praat reg”. Hulle moet die grond ontvang wat hulle pa sou ontvang het. Die Here gaan selfs verder en sê vir Moses dat hierdie die basis moet wees vir 'n nuwe bindende voorskrif wat voortaan onder die volk moes geld: As iemand sterf, moet sy grond na sy seun gaan. As hy nie 'n seun het nie, moet dit na sy dogter gaan. As hy nie 'n dogter het nie, moet dit na sy broers gaan. As hy nie 'n broer het nie, moet dit na sy ooms aan vaderskant gaan. En as hy nie ooms aan vaderskant het nie, moet dit na sy naaste bloedverwant gaan. Die doel is duidelik dat die grond binne die familie, en dus die stam, moet bly.

In Num 36 ontwikkel die saak nog verder, en daar word besluit dat as hierdie dogters sou trou, moes hulle met iemand uit hulle eie stam trou, om sodoende te verseker dat die grond binne die stam bly. En die dogters het toegestem. In Jos 17:3ev lees ons dat dit so geïmplementeer was toe die land verdeel is na die inname.

Watter toepassings kan ons maak uit hierdie gebeure? Kan ek twee aspekte uitwys:

- Hierdie dogters demonstreer in 'n sekere sin dieselfde gedrag as Josua en Kaleb. Die feit dat hulle 'n saak uitmaak dat hulle ook in die beloofde land toegang tot grond wil hê, demonstreer dat hulle oortuig is dat die volk wel die beloofde land sal ingaan, en natuurlik ook dat hulle deel gaan wees daarvan. Hulle neem kennis van wat om hulle gebeur, hulle identifiseer dat hulle nêrens verteenwoordig is nie, en dan neem hulle inisiatief om die saak voor die hele volk en die Here te bring. Vergelyk dit met soveel gelowiges wat net terugsit, en nooit inisiatief neem om iets aan te pak ter wille van die koninkryk nie. Dit was nie die geval met Selofgad se dogters nie.

Ek lees Matthew Henry het gewonder of Jesus nie dalk hierdie 5 dogters van Selofgad in gedagte gehad het toe Hy die gelykenis van die tien diensmeisies/maagde vertel het nie, of hierdie vyf dogters nie dalk juis die vyf wyse diensmeisies was wat gereed was met olie vir hulle lampe toe die bruidegom gekom het nie. En ek dink daar is meriete in om hieroor te wonder. Onthou wat die Nuwe Testament ons leer in 2 Pet 1:10: “Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het.” En vers 11 leer dat die mense wat dit doen, sal vrye en feestelike toegang tot die ewige koninkryk van die Here hê, oftewel, tot die beloofde land hê. Sien, dit is wat Selofgad se dogters van seker wou wees – dat daar plek vir hulle in die beloofde land sou wees. Hoe doen 'n mens dit? Petrus verduidelik (verse 5-8) deur jou in te span en jou geloof te verryk met deugsaamheid en kennis en selfbeheersing en volharding en godsvrug en liefde onder mekaar en liefde vir alle mense – en so groei jy in kennis van die Here Jesus, en bewys jy jy is uitverkies en geroep, en daarom is daar toegang vir jou tot die koninkryk van God. Selofgad se dogters het seker gemaak, daar is wel vir hulle ook plek. En die Here het gesê hulle praat reg: daar is plek vir hulle. En die Here sê deur Petrus dit is hoe ek en jy seker moet maak daar is plek vir ons. Allermens is dit maar net terugsit en wag.

- Ons sien hier dat die Here oordeel die dogters het “reg gepraat”. En die Here maak 'n bindende voorskrif wat voortaan moet geld om seker te maak daar is nie sekere individue onder die volk wat nie geregtig sal wees tot 'n deel van die beloofde land nie. Ons sien dat Jesus ook dieselfde optree tydens Sy lewe op aarde: Hy ontferm Hom oor daardie mense in die samelewing wat dikwels agterweë gelaat word. Hy ontferm Hom oor die weduwee van Nain en wek haar seun op (Luk 7:11-17), Hy praat met die Samaritaanse vrou oor groot sake soos die water van die lewe en die plek van aanbidding, soveel so dat dit aanleiding gee dat baie van die dorp Sigar in Samaria tot geloof gekom het (Joh 4). Of dink aan Lukas 17 waar Jesus 10 melaatses gesond gemaak het. Is dit ook waar van ons? Of toon ons optrede dalk dat ons dink sekere mense is nie waardig om deel te word van God se koninkryk nie – mense soos die armes, haweloses, die met min of geen opleiding nie, die eenvoudiges, of mense wat sekere sondes bedryf – dronkaards, dwelmverslaafdes, of noem maar op? Natuurlik moet daar bekering van sondes wees, maar dit is van ons almal waar.

Geliefdes, die Here is nie 'n mens wat van gedagte verander nie of nie Sy beloftes hou nie. Hy werk steeds soos wat Hy met die volk gewerk het. Hy is steeds absoluut getrou aan Sy verbondsbeloftes, maar ook aan Sy oordeeluitsprake. Hy is steeds wys, soewerein, almagtig ver bo ons begrip. Kom ons hou hieraan vas, soos Josua en Kaleb, selfs al gaan 'n geslag rondom ons verlore omdat hulle in hulle nalatigheid nie die Here se handelinge raaksien en respekteer nie. Kom ons maak seker, soos Selofgad se dogters, daar is vir ons plek in die koninkryk – deur ons roeping en verkiesing vas te

maak deurdat ons voortdurend groei in ons diens aan die Here, en seker te maak daar is nie ander dogters van Selofgad wat oor die hoof gesien word nie.